
STAAN OP
EN DINK GRÓÓT!
LUKAS 4:14-21

# Waarvoor is jy hier?



# VISIE
# MISSIE
# ROEPING



14 Jesus het na Galilea toe teruggegaan vol van die krag
van die Gees, en berigte oor Hom het deur die hele
omgewing versprei. 15 Hy het die mense in die sinagoges
geleer, en almal het met lof van Hom gepraat.
16 Hy het ook in Nasaret gekom, waar Hy grootgeword het,
en soos sy gewoonte was, het Hy op die sabbatdag na die
sinagoge toe gegaan. Toe Hy opstaan om uit die Skrif
voor te lees, 17 is die boek van die profeet Jesaja vir Hom
aangegee, en Hy het dit oopgemaak en die plek gekry
waar geskrywe staan:



**LUKAS 4:14-21**

*[18] "Die Gees van die Here is op My omdat Hy My gesalf het*
*om die evangelie aan armes te verkondig.*
*Hy het My gestuur om vrylating vir gevangenes uit te*
*roep en herstel van gesig vir blindes, om onderdruktes in*
*vryheid uit te stuur,* [19] *om die genadejaar van die Here*
*aan te kondig."* [20] Nadat Hy die boek toegemaak en aan
die amptenaar teruggegee het, het Hy gaan sit. Die oë
van almal in die sinagoge was op Hom gerig. [21] Toe begin
Hy hulle toespreek: "Vandag is hierdie Skrifwoord wat
julle nou net gehoor het, vervul."



**LUKAS 4:14-21**

# VERWAGTING
# word
# VERVULLING




1 Die Gees van die Here my God het oor my gekom; die
Here het my gesalf om 'n blye boodskap te bring aan
die mense in nood, Hy het my gestuur om dié wat
moedeloos is, op te beur, om vir die gevangenes
vrylating aan te kondig, vryheid vir dié wat opgesluit
is, 2 om aan te kondig dat die tyd gekom het waarop
die Here genade betoon, die dag waarop ons God sy
vyande straf maar almal wat treur, vertroos,



# Jesaja 61:1-2

6 Is die vas wat Ek wil hê, nie dít nie:
om dié wat onregverdig gevange gehou word, te bevry,
om die juk wat op mense druk, af te haal,
om verdruktes vry te maak,
om elke juk te breek?



**Jesaja 58:6**

# Uitbuiting in JESAJA se tyd…



# Uitbuiting in JESUS se tyd…



# Goeie Nuus vir die 'Armes'

- Vrylating vir gevangenes
- Genesing vir siekes
- Verligting vir onderdruktes
- Genade vir almal



MEER AS
net fisies
MEER AS
net geestelik




# ALMAL het die Goeie Nuus nodig



# Hy roep ONS, sy Kerk vir dieselfde MISSIE



23 Die kerk is sy liggaam, die volheid van
Hom wat alles in almal vervul.



# Efesiërs 1:23

# Ons dink gewoonlik te klein…



Wanneer iemand se persoonlike vroomheid tussen hom en sy medemens gaan staan, wanneer sy godsdienstige toewyding hom vir sy naaste toesluit, wanneer die werkinge van die Heilige Gees tot die terrein van die persoonlike etiek beperk word, wanneer Christenskap slegs in terme van heilige handelinge op sekere tye gedefinieer word, wanneer Bybeluitsprake wat met mense se konkrete nood te doen het, vergeestelik word, wanneer verlossing tot die mens se persoonlike verhouding tot God beperk word, wanneer 'n persoon minus al sy verhoudinge gered word, wanneer strukturele en geïnstitusionaliseerde sonde nie aan die kaak gestel word nie, dan het ons met 'n onbybelse, eensydigheid en 'n onegte Christendom te doen.



**David Bosch**


STAAN OP
EN DINK GRÓÓT!
LUKAS 4:14-21